higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 3

(3011013)

24 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n antwoordboek van 16 bladsye.

304Q1N2324

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Alle berekeninge moet getoon word om volpunte te ontvang.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG-NOMMER	ONDERWERP	PUNTE	AANBEVOLE TYD
AFDELING A 1–4	Kortvrae (Alle onderwerpe geïntegreer)	40	36 minute
AFDELING B 5	Transaksies vir belasting op toegevoegde waarde	40	36 minute
6	Salarisjoernaal Kleinkasstelsel	40	36 minute
7	Bankrekonsiliasie	40	36 minute
8	Administrasie: Niebedryfsbate Algemene joernaal	40	36 minute
	TOTAAL	200	180 minute

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n ... tjek kan nie uitbetaal word nie omdat daar nie voldoende fondse in die trekker se rekening is nie.

A verouderde
B vooruitgedateerde
C gekruiste
D gedishonoreerde

1.2 … is BTW wat deur 'n onderneming op goedere wat aan klante verkoop is, gehef word.

A Nulkoerbelasting
B Uitsetbelasting
C Ekslusiewe belasting
D Insetbelasting

1.3 ... bydraes is 'n vaste persentasie van die bruto salaris en is slegs op permanente werknemers van toepassing.

A Pensioenfonds
B Mediese fonds
C LBS
D Personeelfonds

1.4 Die kredietkant van die kasboek vervang die ...

A kontantontvangstejoernaal.
B bankrekening.
C kontantbetalingsjoernaal.
D debiteurejoernaal.

1.5 Betaling wat vir BTW aan die SAID betaal word, moet voor of op die ... van die maand of die laaste voorafgaande besigheidsdag deur die SAID ontvang word.

A 1ste
B 25ste
C 30ste
D 7de

1.6 Indien die inklusiewe verkoopprys R947,28, is die BTW wat gehef word, …

A R142,09
B R123,56
C R116,33
D R123,52

1.7 'n Voertuig kos R348 000 en akkumuleer waardevermindering van R17 900. Volgens die verminderdesaldo-metode sal waardevermindering vir twee maande teen 15% per jaar, ... wees.

A R8 252,50.
B R49 515,00.
C R8 700,50.
D R52 200,00.

1.8 'n Onderneming moet op 'n maandelikse grondslag op skrif vir ... BTW-voorlegging aansoek doen.

A Kategorie E
B Kategorie C
C Kategorie D
D Kategorie A of B

1.9 Die ... joernaal word gebruik om alle krediettransaksies van goedere en dienste wat BTW op verkope insluit, in te skryf.

A Kontantontvangste
B Krediteure
C Debiteure
D Krediteuretoelatings

1.10 Die ... stelsel is wanneer die bedrag wat gedurende die maand gebruik is aan die einde van die maand aan die kleinkashouer teruggegee word sodat die bedrag voor hande aan die begin van die volgende maand dieselfde is.

A voorskot
B kleinkas
C wisselende saldo
D kasboek

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies 'n woord/item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–N) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	'n Term wat gebruik word vir uitstaande bedrae van debiteure wat afgeskryf word	A	nulkoers
2.2	Nie aan BTW-belasting onderhewig nie	B	verkoop
2.3	'n Werknemer se bydrae tot die werkloosheidsversekeringsfonds	C	oorspronklike faktuur
2.4	Word op goedere afgetrek wat alreeds met 'n verkoopprys gemerk is om die faktuurbedrag te verminder	D	waardevermindering
2.5	Die vermindering in die waarde van 'n bate met verloop van tyd as gevolg van slytasie	E	slegte skuld
2.6	Die brondokument wat gebruik word om in die krediteuregrootboek of -joernaal in te skryf	F	een persent
2.7	Die diensfooi, kontanthanteringsfooi en belastingheffing	G	handelskorting
2.8	'n Bedrag geld wat gehou word om klein, alledaagse uitgawes te dek	H	vrysgestel
2.9	Die BTW-koers vir vars vrugte, bruinboord en droë bone	I	duplikaat kredietfaktuur
2.10	Stawende dokument wat as bewys van aankope aan die kleinkasbewysstuk geheg word	J	kleinkas
		K	bankkoste
		L	kasregisterstrokie
		M	faktuurkorting
		N	kaskontant

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

3.1 Wanneer 'n krediteur 'n faktuur aan 'n onderneming uitreik vir 'n kredietaankope wat gedoen is, sal die boekhouer die faktuur 'n nuwe nommer gee om verwysing daarna vir die ouditproses te vergemaklik.

3.2 Die uitsetbelasting plus insetbelasting in 'n bepaalde belastingaar wat gelyk is aan die hoeveelheid wat aan die SAID betaalbaar is, of deur die SAID terugbetaalbaar is.

Kopiereg voorbehou

3.3 Twee stelsels word gebruik om werknemers se lone te bepaal, naamlik die uurlikse stelsel en die voorskotstelsel.

3.4 Die term, *rekonsiliasie*, word gebruik wanneer die totale betalings vir kleinkas wat gebruik is met die kleinkasbewyse wat voltooi is, ooreenstem.

3.5 Indien die bank 'n kontantinbetaling nie aangeteken het nie, moet daardie inskrywing in die kontantontvangste- of die kontantbetalingsjoernaal gemaak word.

3.6 Wanneer 'n produk of diens sonder BTW verkoop word, beteken dit dat 14% steeds by die verkoopprys bygevoeg gaan word.

3.7 Die kleinkasboek het 'n ontledingskolom waar inskrywings gemaak word deur die kleinkasewysstukke te gebruik.

3.8 Dit is 'n vereiste dat kleinkasbewysstukke volgens wetgewing vir 'n tydperk van vyf jaar geliasseer word.

3.9 Kleinkas is 'n las en sal aan die kredietkant van die kasboek verhoog.

3.10 'n BTW-terugbetalingsvorm mag nie met eFiling ingedien word nie en moet met die hand by die SAID se kantore ingedien word.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1 – 4.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

4.1 'n ... kan direk by die bank opgestel word om vaste maandelikse uitgawes wat op die bankstaat sal verskyn, te betaal.

4.2 'n BTW ... terugbetaling is 'n vorm wat detail oor inset- en uitsetbelasting toon.

4.3 ... is betaalbaar wanneer salaristrekkers langer ure werk as wat kontraktueel bepaal is.

4.4 'n ... dokument word gebruik om transaksies in joernale in te skryf.

4.5 Rente wat aan die kredietkant van die bankstaat getoon word, verteenwoordig rente wat deur die onderneming ... word.

4.6 'n Debietsaldo wat in die BTW-kontrolerekeing afgebring is, is 'n bedrag wat aan/van die SAID ... is.

4.7 Kleinkasbewysstukke moet as 'n beheermaatreël deur 'n senior werknemer ... word.

4.8 Die doel van kleinkasrekonsilliasie is om ... te bepaal en om so spoedig moontlik regstellings te maak.

Kopiereg voorbehou

4.9 Die ... behoort met die debiteurekontrolerekening vergelyk te word om te rekonsilieer.

4.10 Indien 'n onderneming 'n omset het wat ... oorskry, is dit verpligtend om vir BTW-doeleindes by die SAID te registreer.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 5

Big Ben Traders is 'n geregistreede BTW-ondernemer. BTW word teen 15% op die faktuurgrondslag bereken. Die onderneming het goedere teen 100% wins op die kosprys verkoop.

LET WEL: Big Ben Traders gebruik nie afsonderlike BTW inset- en uitsetrekeninge nie, maar pos direk in die BTW-kontrolerekening.

Alle bedrae sluit BTW *uit*.

'n Opsomming van die transaksies vir Februarie 2022 word hier onder aangedui:

DAG	BRONDOKUMENTNR.	BESKRYWING	BEDRAG
01	Kwi.276	Ben Breyton het sy kapitaalbydrae van R750 000 tot R830 000 verhoog	**?**
04	KRR42	Kontantverkope volgens die kasregisterrol (Koste van verkope R600)	R1 200
09	EFO144	Telkom is vir die onderneming se telefoonrekening betaal	R870
15	Oorspronklike kredietfaktuur ES22	Els Suppliers lewer voorraad vir R20 180 en 'n kantoorstoel vir R3 780 af	R23 960
18	Duplikaat kredietfaktuur BB 198	Goedere op krediet aan VT Cole verkoop (Koste van verkope, R4 260)	R8 520
21	Debietnota DN03	Stuur goedere ter waarde van R 1 440 en die kantoorstoel aan Els Suppliers terug; goedere nie volgens die bestelling nie (kyk transaksie op 15 Februarie 2022)	**?**
23	KRR	Kontantverkope volgens die kasregisterrol (Koste van verkope R940)	**?**
26	EFO145	Salaris vir Februarie 2022 aan V v Gogh betaal	R26 350
26	Kredienota KN 14	Klant, VT Cole, het beskadigde goedere terugbesorg (Koste van verkope R130)	R260
28	EFO146	Water-en-elektrisiteitsrekening is aan die munisipaliteit betaal	R2 419
28	Duplikaatfaktuur BB199	Voorraad op krediet aan Drake Discount Store verkoop (Koste van verkope ?)	R4 200
28	Kwi.277	VT Cole het sy rekening betaal	R2 560

Kopiereg voorbehou

VERLANG

5.1 Skryf die bostaande transakies vir Februarie 2022 in die toepaslike joernale (5.1.1–5.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer. Totaliseer slegs die BTW-kolomme in al die joernale aan die einde van die maand. (33)

5.2 Pos slegs die BTW-kontrolerekeninge na die algemene grootboek. Balanseer die rekening aan die einde van die maand. (7)
[40]

VRAAG 6

6.1 Gebruik die inligting hier onder om die salarisjoernaal van Vettie Glassware vir die maand geëindig 31 Julie 2022 te voltooi.

Rond alle syfers tot die naatse rand af. Dit is nie nodig om die kolomme in die salarisjoernaal te totaliseer nie.

Werk-nemer	Jaarlikse salaris	Huwelik-staat	Pensioen-fonds	WVF	LBS	Mediese fonds
V Victor	R391 200	Enkel	7,5% van bruto inkomste	1% van bruto inkomste	18%	Soos hier onder aangedui is
S Trump	R330 600	Getroud – 1 kind	7,5% van bruto inkomste	1% van bruto inkomste	18%	Soos hier onder aangedui is

Mediesefondsbydraes

Hooflid	R640
Gade/Volwasse afhanklike	R520
Kind	R300

Werkgewersbydrae

Pensioenfonds: 8% van bruto inkomste
WVF: Gelyk aan werknemerbydrae
Mediese fonds: Twee derdes van die totale maandelikse fooi (21)

6.2 Vettie Glassware gebruik die voorskotstelsel om hul kleinkas te bestuur.

Die volgende transaksies het in Julie 2022 plaasgevind.

Let WEL: Alle bedrae, waar van toepassing, sluit BTW *in*.

TRANSAKSIES VIR JULIE 2022

7 Koeverte vir R37,48 by Postnet gekoop. Bewysnommer VG13

11 Betaal vir die koerier van 'n pakkie na Vaalwater by PostQuick, R99. Bewysnommer VG14.

Kopiereg voorbehou

14 Betaal R150 vir die tuinier wat die tuin skoonmaak. Bewysnommer VG15.

17 Gebruik kontant om afleweringsvoertuig se band by Hard Tyres te herstel, R244. Bewysnomnmer VG16.

27 Afleweringsvoertuig by SASOL vol brandstof gemaak voordat die prys verhoog het, R867. Bewysnommer VG17.

Verwys na die volgende tabel ten opsigte van BTW:

Item	Word BTW gehef?	
	Ja	Nee
Posgeld	✓	
Herstelwerk	✓	
Skryfbehoeftes	✓	
Salarisse en lone		✓
Brandstof		✓

VERLANG

6.2.1 Skryf die transaksies in die kleinkasjoernaal van Vettie Glassware in. Totaliseer slegs die kleinkaskolom in die joernaal. (14)

6.2.2 Voltooi die kleinkasrekeninge in die algemene grootboek en herstel die voorskotbedrag aan die einde van die maand.

Die kleinkassaldo op 1 Julie 2022 was R2 400. (5)
[40]

VRAAG 7

Nontobeko Traders het die volgende inligting oor hul finansiële rekords vir die maand Junie 2022 verskaf:

INLIGTING

1. Die maandelikse totale voordat die aanvullende inskrywings gemaak is:

   Die bankrekening het 'n debietsaldo van R28 461
   Kontantontvangstejoernaal – R330 443
   Kontantbetalingsjoernaal – R374 198

2. 'n Vergelyking met die bankstaat van Unity Bank en die kasboek op 30 Junie 2022 het die volgende verskille getoon:

   (a) Die bankstaat toon 'n debietsaldo van R143 770.

   (b) Die bank het nog nie 'n krediet van R141 900 wat op 30 Junie 2022 inbetaal is, gekrediteer nie.

(c) Die volgende tjeks is nog nie vir betaling aangebied nie:

Nr. 650 R710
Nr. 744 R2 480
Nr. 761 R11 690

Dit blyk dat tjek nr. 650 vir meer as ses maande uitstaande is. Dit is aanvanklik aan Pen Stationers vir skryfbehoeftes uitgereik.

(d) S. Steyn het R4 180 direk in die onderneming se lopende rekening gedeponeer as betaling van sy huur vir die maand.

(e) 'n Tjek van R2 404 wat van 'n debiteur, L. Nzozo, ontvang is, is weens onvoldoende fondse gedishonoreer.

(f) Die bankstaat toon 'n debietorder te waarde van R2 104, ten gunste van Telkom vir sake-oproepe.

(g) Unity Bank het die lopende rekening van Nontobeko Traders vir die volgende bedrae gedebiteer:

Kontanthanteringsfooie R344
Diensgeld R602
Rente op oortrekking R182

7.1 **VERLANG**

7.1.1 Maak aanvullende inskrywings in die kontantontvangstejoernaal op 30 Junie 2022. Totaliseer die bankkolom. (6)

7.1.2 Maak aanvullende inskrywings in die kontantbetalingsjoernaal op 30 Junie 2022. Totaliseer die bankkolom. (10)

7.1.3 Pos na die bankrekening in die algemene grootboek. Balanseer die bankrekening. (5)

7.1.4 Berei die bankrekonsiliasiestaat op 30 Junie 2022 voor. (7)

Kopiereg voorbehou

7.2 'n Onervare klerk by Nontobeko Traders het die debiteuregrootboekrekening van Star Traders vir Junie 2022 soos volg opgestel:

STAR TRADERS D1					
Datum	**Detail**	**Fol**	**Debiet**	**Krediet**	**Saldo**
2022 1 Junie	Saldo	a/b			17 480
3	Kwitansienr. 134	KOJ		7 000	24 480
3	Kwitansienr. 134 (Korting)	KOJ		840	25 320
13	Faktuurnr. A111	DJ	3 700		21 620
17	Kredietnota KN07	DTJ		1 400	20 220
30	Joernaalbewys (slegste skuld)	AJ			0

BYKOMENDE INLIGTING:

- Die korting wat op 3 Junie 2022 toegestaan is was R480 en nie R840 nie.
- Die eindsaldo van Star Traders is op 30 Junie 2022 as oninvorderbaar afgeskryf.

Berei die debiteuregrootboekrekening van Star Traders korrek in die boeke van Nontobeko Traders vir Junie 2022 voor. (12)
[40]

VRAAG 8

8.1 Die inligting hier onder is uit die bateregister van Pure White Dry-Cleaners geneem. Ignoreer die BTW by hierdie vraag.

Die organisasie se beleid bepaal dat waardevermindering op alle toerusting teen 'n koers van 17,5% per jaar volgens die reguitlynmetode bereken word. Die finansiële jaar eindig op 13 Junie 2022.

Batebeskrywing	Samsung wasmasjien (24 kg bolaaier)
Aangekoop by	MAKRO
Bateregisternommer	SWM 326
Datum aangekoop	1 April 2020
Kosprys	R19 998

Voltooi die bateregister vir Pure White Dry-Cleaners. (15)

8.2 Die volgende saldo's verskyn in die boeke van Pure White Dry-Cleaners vir die finansiële jaar eidigend op 30 Junie 2022:

Voertuie	R434 600
Opgelope waardevermindering op voertuie	R178 680

Op 30 Junie 2022 het die onderneming een van sy afleweringsvoertuie teen 'n kosprys van R127 000 verkoop. Die opgelope waardevermindering ten tyde van die verkope was R81 900. 'n Bedrag van R50 000 is in kontant ontvang.

VERLANG

Gebruik die inligting hier bo om die algemenegrootboekrekeninge te voltooi en te balanseer:

8.2.1 Voertuie

8.2.2 Opgelope waardevermindering van voertuie

8.2.3 Verkoop van bate

(3 × 5) (15)

8.3 Die volgende inligting is uit die boeke van Pure White Dry-Cleaners geneem. Ignoreer die BTW by hierdie vraag.

Saldo's wat op 30 Junie 2022 uit die krediteuregrootboek geneem is was soos volg:

Eldo Suppliers	R7 400
Wheto Stores	R18 100

Die krediteurekontrolerekeninge in die algemene grootboek het 'n kredietsaldo van R25 500.

Na deeglike ondersoek is daar bevind dat die volgende transaksies nog nie ingeskryf is nie:

- Tjeknommer 42 vir R7 000, is uitgereik om Eldo Suppliers se rekening te vereffen. Hierdie transaksie en die korting is nooit in die krediteuregrootboek ingeskryf nie.
- Debietnota nommer 55 vir handelsvoorraad van R500 wat weens beskadigde verpakking na Wheto Stores teruggerstuur is, is nie in die krediteuregrootboek ingeskryf nie.

VERLANG

Doen volgens die rekeningkunde beleid joernaalinskrywings in die algemene joernaal om die bostaande transaksie te reflekteer. (10)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou